EKSKLUSIEF

DIT REËN ROOSBLARE EN LIEFDE!

SELFS DIE WEER HET ASEM OPGEHOU VIR NICOLA BREYTENBACH SE GLANSTROUE IN ST. TROPEZ

Deur Jared Orlin

Foto's: Dan Stevens

TERWYL onweerswolke bo St. Tropez aan die suidkus van Frankryk saampak, lyk dit asof wat veronderstel is om Nicola Breytenbach se mooiste dag te wees, haar deurmekaarste dag tot nog toe gaan word.

Haar troue, wat om sesuur die aand moes begin, is klaar 'n uur laat. Die rabbi wat haar en haar bruidegom, die Amerikaanse sakeman Ben Steiner, moet trou, het sy aansluitingsvlug van Parys af gemis. Daarby is daar vertragings met die vervoer van die vyfhonderd gaste van die parkeerterrein by die strand na die Steiner-familie se landgoed. Boonop ken die orkes nie die lied waarmee die paar die dansbaan wil open nie. En dit lyk asof die eerste druppels enige oomblik uit daardie onheilspellende grys wolke kan val ...

Maar pleks daarvan dat hulle toelaat dat dit alles hul groot dag bederf, wys Nicola en Ben hulle kan saam-saam 'n krisis die hoof bied. Hulle kies gou Bryan Adams se Everything I Do as musiek vir hul eerste dans as getroudes pleks van Love Is All Around deur Wet Wet Wet. Hulle vra ook vir Arnold Epstein, die kenner van Hebreeus en die Joodse geloof wat Nicola (30) verlede jaar tot die Judaïsme help bekeer het, om die huweliksplegtigheid te lei. En hulle hou asem op dat dit nie nou al sal reën nie.

'n Boer maak 'n plan en Nicola is nie verniet 'n Suid-Afrikaner in

(Blaai om)

HOOFFOTO: Die stralende Nicola Breytenbach en Ben Steiner op hul troudag in die eksotiese St. Tropez, Frankryk. HEEL LINKS: Ben en Nicola by sy ouers, Jeffrey Steiner en Linda Steiner Schaller (links van die bruidegom), en Nicola se pa, Richard Breytenbach (regs van die bruid), haar ma, Rina Rautenbach (middel) en stiefpa, Johan Rautenbach (heel regs). LINKS: Die meeste van Ben en Nicola se familie het van oor die wêreld ingevlieg vir die geleentheid.

BO (van heel bo): Die paar het in die pragtige tuin trou belooof; gaste kom aan by die Steiners se landgoed; duisende roosblare is in die paadjie gestrooi; die tuin is met asemrowende wit blomme versier. REGS: Die vier pale van die *chuppah* (troutent) is ook met wit rose versier.

Ben lig haar sluier. 'Ja, dis sy,' sê hy onder gelag

(Van vorige bladsy)

murg en been nie . . .

"Arnold was wonderlik, veral as 'n mens in ag neem dat hy op die laaste oomblik ingestaan het," vertel 'n dankbare Ben (ook 30) agterna.

En op die ou end speel selfs die weer saam. Eers tien minute nadat die gaste hul sit in die kristaltent in die tuin gekry het, begin dit stortreën.

"Dit was betowerend, asof die weer vir ons gewag het," sou Nicola later sê.

IN DIE welige tuin van die Steiner-familie se landgoed by St. Tropez, 'n eksotiese vissersdorp wat in die Europese somer die speelplek van die wêreld se rykes en beroemdes word, weerklink tradisionele Joodse musiek. In die tuinpaadjie wat met duisende wit roosblare besaai is, kom eers Ben saam met sy ouers, Jeffrey Steiner en Linda Steiner Schaller, aangestap met sy twee broers, Erik en Thierry, op hul hakke. Daarna volg Nicola se broers, Bjorn en Ian.

Toe maak Nicola haar verskyning, asemrowend mooi in 'n spierwit skouerlose Versace-rok met 'n twee meter lange satynsleep. Vergesel van haar ouers, Richard Breytenbach en Rina Rautenbach, stap sy na haar geliefde Ben.

Hy lig haar sluier op en kyk na haar. "Ja, dis sy," sê hy en die gaste bars uit van die lag. Dis 'n eeue oue Joodse tradisie dat die bruidegom seker maak die vrou onder die sluier is inderdaad sy bruid. Nog 'n tradisie wat die paar volg, is dat die bruid sewe keer om haar man loop. Tanya

BO: Die gaste het na hul asem gesnak toe die beeldskone bruid in haar Versace-rok saam met haar ouers die paadjie afgestap kom. REGS BO: Die indrukwekkende "kristaltent" waar die meer as vyfhonderd gaste tydens die onthaal aangesit het. ONDER: Nicola by haar ouers, Richard Breytenbach en Rina Rautenbach. REGS ONDER: Die strooimeisies, (van links) Filippa Hamilton, Candice Levy en Inga Hanon, by die bruidsmeisie, Tanya Lazarus (heel regs), en die blommemeisie, Emma Steiner (voor).

Lazarus (gebore Hayman), nes Nicola 'n model en oud-Suid-Afrikaner, hou die sleep vas.

"Dit simboliseer skepping, die sewe dae van die skepping in die Bybel en ook die feit dat ons 'n nuwe huis en lewe saam skep," verduidelik Nicola later.

Die plegtigheid, wat feitlik net in Hebreeus gelei word, bereik sy hoogtepunt toe Ben volgens Joodse tradisie 'n glas stukkend trap. Skielik, asof uit die niet, skiet roosblare uit versteekte houers in die grond op. Binne sekondes is die grasperke met nog wit roosblare oortrek. Terwyl die laaste roosblare grond toe sweef, haas die gaste vorentoe om *mazel tov* (geluk in Hebreeus) te sê.

"Dit het gevoel asof 'n skare op my toesak. Almal wou my net soen," vertel Nicola 'n paar dae later laggend toe sy van 'n seiljag af aan die kus van Portofino in Italië met ons gesels.

TERWYL die bruidspaar ná die plegtigheid foto's vir hul troualbum laat neem, teug die gaste op die grasperk aan skemerkelkies en proe aan heerlike voorgeregte. By 'n toonbank van ys word soesji voorgesit en by ander kostoonbanke lekkernye soos truffels, eendlewer en koue sop. Uit die bome hang reuse kristalkandelare wat saam met duisende kerse die tuin soos iets uit 'n sprokie laat lyk.

Nicola kyk liefdevol na Ben, aantreklik in 'n middernagblou driestuk-tuxedo met 'n wit strikdas. Haar Versace-rok van kreukelsatyn en chiffon wat 'n allemintige €80 000 (amper R1 miljoen) werd is, skitter in die gloed van die kandelare.

"Dis soos 'n rok vir 'n prinses en pas soos 'n handskoen," sê sy opgewonde. "Dis vir my die verwesenliking van 'n droom om in 'n Versace-rok te trou. Ek was sprakeloos toe ek dit aantrek – dis soos iets waarvan ek maar net kon droom. Ek weet dit klink soos 'n cliché, maar dis regtig hoe ek voel."

Die rok is vandag haar "iets nuuts" en word volmaak afgerond met "iets ouds", 'n antieke diamant-armband, 'n verlowingsgeskenk van skoonpa Jeffrey. Sy het iets geleen ook – 'n paar pêrel-oorbelle van een van haar drie strooimeisies, Candice Levy, 'n vriendin en onderwyser. En haar "iets blous" is 'n klein blou lintjie aan haar onderklere.

Ná die skemerkelkies kry die gaste koers na die reuse kristaltent met sy glasdak en plastiekkante om die hitte binne en die onweer buite te hou (Afrika-prinses in St. Tropez, Huisgenoot, 19 Junie 2008). Nicola en Ben sit alleen aan die hooftafel.

(Blaai om)

(Van vorige bladsy)

"Die idee is dat ons twintig of dertig minute alleen kry om alles in te neem wat aan die gebeur is," verduidelik Nicola.

"Al die mense het ter wille van ons hierheen gekom. Daarby is ons albei se ouers geskei en ons wou niemand aanstoot gee deur wie by ons sit en wie nie."

Dosyne kelners, netjies uitgevat in swart langbroeke en wit baadjies, lei die gaste na hul tafels en sorg dat daar genoeg sjampanje vir die heildronke is. Die gaste, onder wie bekendes soos die kulkunstenaar David Blaine en Donald Trump se eksvrou Ivana, gaan op vergulde stoele by vyftig tafels sit. Om te pas by die kleurtema van room, wit en sjampanje, is die tafels met hul wit tafeldoeke versier met rangskikkings van wit rose, orgideë en pinksterrose in die romantiese lig van kristalkandelare wat van die plafon hang.

Die ekstra gaste – 580 het opgedaag, al is 450 verwag – kry sitplek buite die tent in die deel wat vir die skemerpartytjie ingerig is.

Nicola en Ben wil nie verklap hoeveel die troue gekos het nie. "Dit was groot en mooi. En baie buitensporig wat koste betref, maar ons het met graagte vir alles betaal," sê Ben.

In sy toespraak kan hy dit nie weerstaan om 'n ondeunde "baie dankie" vir die Suid-Afrikaanse gaste in te glip nie. Al het Nicola Suid-Afrika as kind saam met haar ma verlaat en in Nederland en Switserland grootgeword, praat sy nog lekker Afrikaans. Ben het ook al dikwels saam met haar in Suid-Afrika kom kuier.



HOOFFOTO: Nicola en Ben maak gereed om die dansbaan te open. INLAS: Die stralende paartjie.

REGS (van links): Honderde kerse en groot kristalkandelare wat van die bome gehang het, het 'n sprokiesatmosfeer aan die tuintroue verleen; die tafels met rose as middelpunt het baie sjiek gelyk; en die gaste kon ná die deftge plegtigheid smul aan 'n verskeidenheid smaaklike peuselhappies terwyl die paartjie vir foto's poseer het.



LINKS: Die troukoek met sy vier lae word die tent ingedra.
ONDER: Die gaste juig toe Nicola lewendige, tradisionele Joodse danspassies maak.

TOE die sluise van die hemel eers ooptrek, reën dit onophoudelik gedurende die toesprake en ete. Die voorgereg is truffel-ravioli in truffelsous en die hoofgereg seebaars met kaviaar en aartappeltjies daarby. Die nagereg is nog meer dekadent: *macarons*, 'n tradisionele Franse siergebak van eierwit, amandelpoeier en suiker, afgerond met framboossorbet. Toe is dit tyd vir koffie en Chinese rolletjies met sjokolade in warm karamelsous gedoop.

Al is daar 'n paar honderd gaste, het die paar teen 'n buffet-ete besluit. "Dis te ónpersoonlik. Ons wou hê die mense moes bly sit," sê Ben.

'n Vierlaag-sponskoek, so groot dat vier sterk kelners dit tafel en al moes indra, span die kroon. Dit is 'n volle 1,4 m in deursnee en kunstig met pinksterrose, orgideë en rose versier.

Die stortreën wil maar net nie bedaar nie. "'n Paar mense het papnat geword toe hulle probeer kleedkamer toe gaan het," vertel Nicola. Sy moes wag tot die reën ophou om 'n korter, gemakliker skemerrok, ook deur Versace, aan te glip.

"Ek is dol oor dans en kon nie wag om op die dansvloer te kom nie," sê sy.

'n Orkes met twaalf lede skop die dansmusiek af. Later neem twee platejoggies oor en laat die musiek tot in die vroeë oggendure weerklink. Om vyfuur die oggend vertrek die bruidspaar na die viersterhotel Château de la Messardière. "Die laaste gaste is eers sesuur weg. Die son was al op," sê Nicola.

Sy en Ben is al in Maart in New York in die hof getroud, maar het eers nou ringe uitgeruil. "Nou voel ek beslis meer getroud," sê Nicola.

Ná 'n wittebrood aan die kus van Italië op die Steiners se 35 m lange seiljag, keer hulle terug na New York, waar Ben sy werk as belegger hervat. Hy het pas sy MBA voltooi. Nicola kom later vanjaar haar parfuum in Suid-Afrika bekendstel.

"En ons wil graag dadelik kinders hê," vertel sy. "Waarskynlik twee of drie."

En vir dié sal hulle eendag lang stories kan vertel van hoe dinge op Pa en Ma se troudag amper skeefgeloop het . . . □

LINKS: Nicola gooi haar ruiker.
ONDER: 'n Tipies Joodse tradisie: Die bruid en bruidegom word al sittend in hul stoele opgetel.